
Nuwe Bybelvertaling. Die afgelope tyd was daar weer 'n "Whatsapp boodskap" (wat in 2012 sy oorsprong het) aktief. Die goed het mos 'n manier om iewers weer sy verskyning te maak as iemand dit begin aanstuur. Volgens die boodskap wil hulle 'n petisie rig teen die nuwe Bybel in 2016. Die proefuitgawe van die "nuwe" Bybel (Bybel direktevertaling) het reeds in 2014 verskyn – mense kon dit koop en vir hulleself sien dat dit nie waar is nie. Die boodskap het in 2014 reeds 'n stille dood gesterf toe die eerste proefuitgawe verskyn het.

Die Bybelgenootskap glo absoluut in die Drie-enige God en in die verlossing van Jesus Christus. Daar is net een God en dit is die Drie-enige God, Vader Seun en Heilige Gees. Daar is net een verlosser en dit is Jesus Christus. Op geen manier sal die Bybelgenootskap die gesag van God, die Heilige Gees en Jesus wil aantas nie. Lees gerus die ware feite van die nuwe vertaling op www.bybeldirektevertaling.co.za. (ds Quintus Heine se volledige brief is beskikbaar by die dominees)

**PERSOONLIK:** Inwoners van Santos Haven se drie siekeboeë, Kenani, Huis Elsjé, Benevolent Park, Ons Huis, Huis Caro en Ons Rus. Die volgende lidmate herstel na operasies, hospitalisasie, siekte tuis, of beleef ander krisisse:

Johan Meyer 12de Laan, Louis Botha Cecil Shepherdstr, Leon Heunis Kaapweg, Mike D'Elboux 21ste Laan, Ben van der Walt Santos Haven, Pieter Kempen Boggomsbaai, Lien Johnson Vleesbaai, Johann Honiball Vleesbaai, Riekie Janse van Rensburg Plaas Misgunst, Madeleine van Eeden Vleesbaai, Magriet de Villiers Danabaai aftreeoord

**STERFTES:** Broer van Gottfried Wrede Boekenhoutstr




***Onthou ons gemeente se webblad is:*** ***www.suidkerkmsb.co.za***



ONS EER GOD MET LIEFDEVOLLE OMSIEN EN UITREIK

# NG KERK MOSSELBAAI-SUID

**AFKONDIGINGE: 3 September 2017**

*"Die hele Skrif is deur God geïnspireer en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswyse te kweek, sodat die man wat in diens van God staan, volkome voorberei en toegerus sal wees vir elke goeie werk". (2 Timoteus 3:15-16)*

## PROGRAM VIR VANDAG

**DEUROFFER:** Sinodale offer vir die Instituut vir Dowes.

**KATEGESE/KINDERKERK:** Gr R-6 vir Kinderkerk in die saal na die kinderoom-blik in die diens. Gr 7-8 ontmoet oom Johan by die saal na die diens. Gr 9 vergader 10:00 in die kerk. Gr 10-11 soos deur ds André en ds Robert gereël.

**NUWE INTREKKERS:** Baie welkom in ons midde - mag u verblyf tot seën wees! Die dominee sal u graag na die diens voor die kansel wil ontmoet.

## VOLGENDE SONDAG

**EREDIENSTE:** Om 09:00 in die kerk (ds Robert) en op Vleesbaai (ds André).

**DEUROFFER:** Sinodale offer vir Sending in Zimbabwe, Malawi en Mosambiek.

**KATEGESE/KINDERKERK:** Gr R-6 vir Kinderkerk(ds Danie) in die saal na die kinderoom-blik in die diens. Gr 7-8 ontmoet oom Johan by die saal na die diens. Gr 9 vergader 10:00 in die kerk. Gr 10-11 soos deur ds André en ds Robert gereël.

## PROGRAM VIR DIE WEEK

**KLEINGROEPE:** Vergader soos onderling gereël. Nuwelinge kan die kerkkantoor (tel. 6903552) kontak vir meer inligting.

Ds Danie: Maandag 15:00 in Santos 2 sitkamer.
Dinsdag 09:30 in die konsistorie.

Ds André: Dinsdag om 09:30 Bybelstudie in die saal.

Ds Robert: Dinsdag om 09:00 Bybelstudie te 17de Laan pastorie en om 19:00 Tienie Bothastr. Boekleesgroep 19:00 te 17de Laan 18.

**Dinsdag:** Saambidgeleentheid om 17:15 in die konsistorie. Almal welkom.

**Woensdag:** Santos Haven Biduur om 15:30 by Santos 1 (ds André).

**Donderdag:** Om 06:00 bid die manne saam in die kerksaal (onder verhoog).

## BANKBESONDERHEDE

**Dankoffers:** *Absa Mosselbaai, rek.no. 207 058 0031*
**Geloofsoffers:** *Absa Mosselbaai, rek.no. 207 016 7886*

## BELANGRIKE INFO

**DEUROFFER:** Spesiale offer vir Blommekomitee was R2119-15.

**KOSKAS:** SEPTEMBER is **Streek A** se beurt om bydraes te maak vir die koskas. Droë produkte, groente, blikkies en gevriesde produkte, asook kontantbydraes kan by die kerkkantoor of die dienswerker afgegee word. Navrae by Joey (073 2988 142).

**SAAMKUIER NA DIENS:** Lekker koffie en tee word na die diens in die saal bedien. Kom kuier lekker saam en leer mekaar beter ken.

**LENTEDANKFEES:** Baie dankie vir almal wat hard gewerk het, bydraes gelewer het en ondersteun het! Dit was wonderlik om saam te werk en saam te kuier as gemeente!

**TE KOOP:** Pekanneute in dop (R100/kg of R50/500g) is by die kerkkantoor te koop.

**70 PLUSSERS:** Funksie verskuif na 27 September 2017.

**KERKRAAD:** Vergadering DV op 7 September om 18:00 in die kerksaal.

**RINGSITTING:** Dit is vanjaar DV op 12 September by Reebokgemeente. Ons afgevaardigdes is:
Primariuslede—Leon Heunis, Tobie de Kock, Anna vd Westhuizen.
Sekunduslede—Annie van Zyl, Thea Rabie, Mike D'Elboux, Tjokkie D'Elboux.

Die dominees is Dinsdag 12 Sept by die ringsitting. Al die groepe vergader saam op Woensdag 13 September vanaf 9:30 tot 11:00. Twee jong predikante wat die historiese vergadering van die Wêreldbond van Gereformeerde kerke in Leipsig bygewoon het, kom gesels met ons oor Reformasie 500.




Die Bybel het gelei tot die Hervorming. Hab 2:4 en Rom 1:17 was die saadjie. Die BYBEL is duidelik: net JESUS kan jou red. En hierdie verlossing is sonder ons eie verdienste op grond van God se GENADE, en jy ontvang vryspraak alleen deur GELOOF. Maar Hy red jou tot 'n lewe wat AAN GOD AL DIE EER bring.
Ons is, saam met 145 gemeentes landswyd, besig met 'n reeks getiteld *Vreugdevol Vry* .
Hierdie week se tema: Ontdek hoe om te leef - net die Bybel. Ons is, saam met 145 gemeentes landswyd, besig met 'n reeks getiteld *Vreugdevol Vry*.

**LIEDBOEKE:** Ons vra dat lidmate wat die harde rooi omslag liedboekies het, wat hulle nie meer gebruik nie, vir Vleesbaai ge-meente sal skenk. Ons het nie 'n skerm en tru projektor om die woorde van die liedere te vertoon nie. Vakansietye is dit 'n probleem wanneer ons baie besoekers het. Indien ons genoeg boekies kan kry, het ons nie nodig om kostes aan te gaan om die huidige blou afgerolde Sangbundels aan te vul nie. Handig dit asb in by die kerkkantoor. Dankie.

**KOM WEES DEEL:** Woensdae vanaf 10:00—12:00 kuiergroepie vir dames. Bring jou brei– of hekelwerk kom kuier heerlik saam in die kerksaal.

**VLEISTAFEL:** Baie baie dankie vir almal wat hierdie jaar gehelp het en 'n ekstra myl geloop het. 'n Spesiale dankie aan die Bothmas vir die resep, toerusting en wyse raad.



## GEBEDSBULLETIN

### *Tema vir September: Sendelinge*

**Hierdie week se DANKSEGGING:**

* Reformasie 500: Die kosbare Woord in ons eie taal - dat ons VREUGDEVOL VRY kan leef.
* Die Gideons wat Bybels versprei en ook in hotelle, hospitale en wagkamers plaas.
* Die geseënde dankfees.
* Sendelinge wat hulle kultuur, taal, land agterlaat om die Woord te gaan bedien.
* Opvolgreën die afgelope week.

**Hierdie week se VOORBIDDING:**

* Die Nasionale Instituut vir Dowes - in 1881 deur die kerk tot stand gebring om vir Dowes "taal te gee". Tans word Dowes ook as predikante en pastore opgelei by Deaf Christian Ministry Africa by NID. Daar is 2 tehuise vir bejaardes op Worcester en in Bellville, asook 2 skole, De la Bat en Nuwe Hoop, vir dowe kinders se opleiding. Bid dat al die Dowes in Suid-Afrika ook die geleentheid sal kry om die boodskap van verlossing in hul eie taal, Gebaretaal, te ontvang.
* Vir alle kinders wat kanker het - vir verlossing, vir God om hulle en hulle families te versterk, dat hulle nie pyn en ongemak sal hê nie, dat daar steeds vreugde en hoop in hulle harte sal wees.
* Voorsiening in die finansiële behoeftes van ons sendelinge - die waarde van die rand het 'n groot invloed op hulle inkomste.
* Internasionale Fetale Alkoholsindroom (FAS)-dag is elke jaar op 9 Sept. Bid vir swanger vroue om te besef hoe gevaarlik dit is om alkohol tydens swangerskap te gebruik en vir dié kinders wat met FAS saamleef (nodige sorg en geleenthede).
* Ons Moslem bure. Die afgelope week het miljoene Moslems Mekka besoek (die Hajj). Bid dat in hierdie tyd Jesus en Sy onvoorwaardelike liefde aan hulle geopenbaar sal word.
* Bestuurskerkraad se vergadering.
* Genoeg reën sodat die Weskaap se damme kan vol word.

